**1 September**

**Job, tot die uiterste beproef**

**Skrifgedeelte: Job 1:1-22**
**Fokusgedeelte: Job 1:21**

Beproewing is nooit lekker nie. Niemand van ons vra dit of soek dit uit ons eie nie. En tog is beproewing onlosmaaklik deel van menswees. Die hoogtepunt van beproewinge is sekerlik die dood. Die dood is die weg van alle vlees.

Job het op een dag geweldige beproewinge ondervind. Sy naam beteken vrome of aangevallene. 'n Vroom man (vs 1) word deur Satan beproef. As jy aan sy besittings raak, sal hy nie meer so vroom wees nie. Op een dag het Job al sy besittings en sy tien kinders verloor. Wat 'n beproewing. In hoofstuk 2 lees ons dat hy selfs sy gesondheid verloor het.

Wat sal jy doen as dit met jou gebeur? Jy verloor besittings, kinders en gesondheid! Wat doen Job? Hy prys die Naam van die Here! Alles wat ek het, het die Here gegee. Hy het die reg om dit te neem. Ek is maar net rentmeester. In 1 Korintiërs 4:7 vra Paulus: "Wat het jy wat jy nie ontvang het nie?"

Ek, met alles wat ek is en het, behoort aan God. Niks kan my van sy liefde in Christus skei nie. Nie lewe of dood nie. Want Christus het die dood vir ons oorwin. Daarom kon Job, in die Ou Testament, al in die aangesig van die dood, God prys. In Christus is die dood dood!

*Sing: Psalm 68:9* *Ds. Willem Vogel (Cachet)*

**2 September**